

Die Diensgroep is daargestel om samehorigheid te verkry en `n sterk band te vestig tussen die Hoërskooljeug wat in graad 9, 10 en 11 is en dit bestaan uit vier lede met `n paar helpers.

Soos daar geskryf staan in Matteus 5 is ons die sout van die aarde en die lig van die wêreld. Ons kinders is die sout wat nog nie verslaan het deur die ontsettende druk van die wêreld nie. As ons hulle kan koester en grootmaak saam met God sal hulle die naam van die Here orals versprei deur die manier waarop hulle hul lewe lei. Op hierdie manier kan hulle nie verslaan word nie; nie met God aan hul sy nie. As dit dan die geval is sal hul lig ook in die donker wêreld skyn. Hierdie lig wat nie uitgedoof kan word nie. Die lig sal so skerp skyn dat `n maatemmer nie daarvoor geplaas kan word nie.

So is die Hoërskooljeug Diensgroep daarop toegespits om die jonges se eenheid in Christus aan te wakker en hegter te maak. Om hierdie doel te bereik word van `n verskeidenheid aktiwiteite gebruik gemaak:

1. Daar word Sondae na katkisasie `n sousbyeenkoms gehou waar al die kinders sosiaal met mekaar verkeer tesame met hul gunsteling tydverdryf..... EET. By hierdie bymekaarkoms word die kinders bekendgestel aan verskillende aksies wat in die gemeenskap uitgevoer word soos die Kruispad aksies asook CSV byeenkomste by die onderskeie skole. Die kinders se deelname aan die erediens word ook bevorder deurdat hulle die voorsang lei voor die erediens asook die kollekte opneem in die gemeente. Hier word dan ook beplannings gedoen vir gemeentekommuniteite soos die kermis waar die hoërskooljeug die spookhuis behartig.
2. Daar word elke tweede Donderdagaand `n Koffiekroeg-bymekaarkoms gehou waar kinders sosiaal saam kan kom verkeer met `n Christelike basis. Hierdie geleentheid is nie beperk tot slegs Gereformeerde kinders nie en hulle word aangemoedig om hul vriende saam te bring. Tydens die Koffiekroegaande word daar gekuier, gespeel, relevante sake bespreek, maar bowenal daar word Christelik saam verkeer.

Dit is baie lekkerder vir `n ouer om te weet sy kind is by `n veilige plek in die naam van Jesus Christus, pleks van erens anders waar die duiwel rondwaal en ons kinders op sluwe maniere verlei.

Geleenthede wat beplan word gedurende hierdie jaar is: kamp, staptoer, ys-skaats, Sun City piekniek, fliëk, uiteet, kermis, ens.

Vir die toekoms wil ons jong mense toerus met die wete dat die lekker is om `n Christen te wees. Ons wil hê dat hulle moet kan onderskei waar daar lokvalle van die wêreld voor hulle lê en hoe moet hulle maak om hierdie lokvalle te oorkom met Jesus aan hul sy. Ons wil ook hê dat die kinders, as Christelike leiers, betrokke gemaak moet word by die kerklike opvoeding van nuwe jong mense soos hulle elke jaar by die hoërskooljeug aansluit. Op so `n manier gaan ons verseker dat ons kerk bly voortbestaan, want hulle is die gemeente oor `n paar jaar.

Vir enige navrae kontak gerus vir Jaco van der Walt by 082 807 5630.